

Om God te speel



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

die volgende gedeeltes uit Jesaja – hfst. 13, hfst. 13:2-22, hfst. 14, asook hfst. 24 tot 27.

Geheeteks:

“Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die Here op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp” (*Jesaja 25:9, OAB*).

Op ’n dag woon ’n vrou ’n diens by. Die preek het gegaan oor trots. Na die diens nader sy die predikant, vreeslik benoud. Sy het gesondig en dié móét sy vandag voor die Here bely! Die predikant vra toe wat haar sonde is. “Sy antwoord: ‘My skoonheid is my sonde, leraar. Net ’n paar dae terug het ek ’n hele uur lank voor die spieël deurgebring.’ “ ‘O ek sien,’ antwoord die predikant verbaas, en sê toe: ‘Suster, jou sonde is nie eieliefde nie, maar eerder ’n ryke verbeelding!’” (*C.E. Macartney, saamgestel deur Paul Lee Tan, bl. 1100*).

Vandat sonde in die hart van ’n magtige engel posgevat het, misken verwaandheid die gesonde grense van realiteit (beide onder mens en engel). Nêrens in die heelal is hierdie probleem so erg as by diegene wat geestelik verwaand is nie, ’n betreuenswaardige eienskap en dit onder wesens wat so verval is dat hul verlossing slegs deur die werke van ’n ander (m.a.w. namens hulle) verkry kon word.

Hierdie week val die soeklig o.a. op die oorsprong van trots en selfverheffing, die enigste ware twee erfsondes.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 Februarie.

God verdoem die volke (*Jesaja 13*)

In die inleidende vers van hoofstuk 13:1 word Jesaja opnuut as die skrywer vermeld (*vgl. hfst. 1:1, asook hfst. 2:1*). Die doel van dié inleidende vers is waarskynlik ook om 'n nuwe afdeling in dié profetiese boek in te lei. Hoofstukke 13 tot 23 bevat 'n aantal voorspellings, en is God se oordele oor verskeie nasies. Kom ons bekyk dit nou.

Waarom begin die profesieë teen die nasies by Babilon (oftewel Babel)?

God se oordele oor Assirië – wat destyds die grootste gevaar vir die volk ingehou het – is reeds in Jesaja 10:5-34 uitgespreek. Hoewel hoofstuk 14:24-27 weereens die Here se planne om die Assiriërs se mag te verbreek flussies uiteensit, gaan hoofstukke 13 tot 23 hoofsaaklik oor ander nasies wat die volk bedreig, waarvan Babilon die belangrikste is. Met 'n ryke erfenis op die gebied van antieke kultuur, godsdiens en politiek het Babilon mettertyd as 'n supermoondheid verrys wat uiteindelik Juda sou verower en sy mense in ballingskap sou wegvoer. Dat Babilon eendag so 'n geweldige bedreiging vir God se volk sou inhou, is iets wat vir die mense van Jesaja se tyd nog nie so duidelik was nie. Vir die grootste deel van Jesaja se bediening het Assirië die oorhand oor Babilon gehad. Van 728 v.C. (toe Tiglat-Pileser III Babilon ingeneem en daardie land se troon bestyg het, en daar as koning Pulu (oftewel Pul) geregeer het (*lees 2 Kon. 15:19 en 1 Kron. 5:26*), het die Assiriese konings Babilon etlike kere herower (*in 710, 702, 689 en 648 v.C.*). Babilon sou egter later die dominante moondheid in daardie wêrelddeel word, die supermoondheid wat die Judese koninkryk sou verwoes.

Lees Jesaja 13. Let op die sterk bewoorde aard van dié hoofstuk. Hoekom doen 'n liefdevolle God hierdie dinge aan mense – of ten minste – laat toe dat dit gebeur? 'n Aantal onskuldige mense gaan beslis in die slag bly, nie waar nie (Jes. 13:16)? Hoe verstaan 'n mens God se optrede hier? Dink aan hierdie skrifgedeelte, en ook aan al die ander bybelverse wat met God se woede en toorn oor die sonde en boosheid van die mens te doen het. Wat sê dit vir ons aangaande die allerverskriklike aard van boosheid en sonde? Is die blote feit dat 'n liefdevolle God so optree dan nie 'n bewys van die ongelooflik afbrekende aard van sonde nie? Hier moet 'n mens in ag neem dat dit Jesus is wat hierdie waarskuwings deur Jesaja uitspreek; dieselfde Jesus wat mense vergewe en genees het, wat by hulle gepleit het, en wat sondaars met groot erns tot bekering geroep het. Dink nou aan jou eie geloofspad. Hoe verstaan jy hierdie sy van 'n liefdevolle God? Vra jousef ook af: spruit die toorn wat 'n mens hier in Jesaja sien nie in werklikheid uit sy liefde vir die mens nie? Indien wel, hoekom?

Die eens glorieryke stad van Babilon (*Jes. 13:2-22*)

In 626 v.C. het die Galdeër, koning Nabopolassar, Babilon tot sy eertydse glorie herstel deur homself tot koning van Babilon te verklaar. Dit was die begin van die Nieu-Babiloniese vorstehuis, en ook Chaldea se bondgenootskap met die Mede ten einde die Assiriërs tesame te verslaan. Dit is Nabopolassar se seun, koning Nebukadnesar II, wat Juda verower en 'n gedeelte van die volk in ballingskap weggevoer het.

Hoe het die stad Babel (die koninklike stad van die Babiloniese Ryk) uiteindelik tot 'n val gekom? Lees *Daniël 5*.

Dit was in 539 v.C. – toe koning Kores van Persië dit by die Medo-Persiese Ryk afgeneem het (*lees Daniël 5*) – dat Babel sy onafhanklikheid permanent verloor het. In 482 v.C. het Xerxes I die Babiloniërs se opstand teen die Perse wreed onderdruk. Hy het die beeld van hul hoofgod, Marduk, laat verwyder, en het klaarblyklik ook sekere van die stad se versterkings en ook party van die tempels beskadig. In 331 v.C. het Aleksander die Grote Babel by die Perse afgeneem, en dit sonder enige bloedvergieting. Van Aleksander se droom om Babel sy oostelike hoofstad te maak, het ook nie veel gekom nie. Die stad het binne die bestek van 'n aantal eeue heeltemal agteruitgegaan. Toe die Romeinse keiser, Septimus Severus, in 198 n.C. op Babilon afgekom het, was dit reeds 'n spookstad. So het die eens glorieryke Babel dan d.m.v. ontvolking tot 'n einde gekom. Op dele van die plek waar dié antieke stad eens gestaan het, is daar nou 'n dorpie waar 'n aantal Irakiërs woon, hoewel hulle nie eintlik die stad in die ware sin van die woord herbou het nie. Babilon – daardie ryk wat eens op 'n tyd Jakob se nageslag onderdruk het (*Jes. 14:1-3*) – se ondergang word in Jesaja 13 beskryf. Dit is inderdaad ook 'n ondergang wat die bevryding van daardie nasate meegebring het. Die gebeurtenis wat daartoe gelei het, was die beleëring van die stad Babel deur Kores in 539 v.C. Hoewel hy nie die stad vernietig het nie, was dit die begin van die einde vir Babel; waarna die Babiloniërs nooit weer 'n bedreiging vir God se volk was nie. Jesaja 13 beeld die val van Babilon as 'n Goddelike uitspraak en straf uit. Die krygers wat die stad inneem, word hier deur God uitgestuur (*Jes. 13:2-5*). Die tydstip waarop God se oordele oor Babel uitgesiet word, word in Jesaja “die dag van die Here” (*verse 6 en 9, OAB*) genoem. So kragtig is God se toorn dat die maan, son en sterre, en die hemel en aarde in beroering gebring word (*Jes. 13:10, 13*).

Vergeelyk dit met Rigters 5, waarin Debora en Barak 'n loflied sing en o.a. sê dat die aarde gebewe en dat strome water vanuit die hemel neergesak het, die dag toe God teen sy teëstanders uitgevaar het (*vers 4*). Rigters 5:20 en 21 praat van die natuurelemente, insluitende die sterre, wat veg teen die nasies wat God se volk onderdruk.

'n Hoë “koning” kom tot 'n val (*Jesaja 14*)

In reaksie op die val van Babilon (*Jesaja 13*), 'n gebeurtenis waardeur die volk bevry word (*hfst. 14:1-3*), maak die Here 'n bespotting van die koning van Babilon in *Jesaja 14:4-23*. Dit behoort egter figuurlik verstaan te word (*vgl. Miga 2:4, Hab. 2:6*). Die wyse waarop God Hom hier uitdruk, is poëties en duidelik nie letterlik nie, aangesien dit van dooie konings praat wat hul nuwe kollega in die doderyk verwelkom (*Jes. 14:9 en 10*), daar waar wurms sy bed en maaiers sy beddegoed is (*vers 11*). Hier sê die Here bloot op 'n dramatiese wyse aan 'n hooghartige koning dat hy wel tot 'n val sal kom, net soos alle ander trotse monarge voor hom. Hierdie skrifgedeelte behoort dus glad nie as 'n leerstellige bewys aangaande die letterlike toestand van die dooies gesien te word nie!

Hoe kan *Jesaja 14:12-14* van toepassing wees op die koning van Babilon?

Die Babiloniese konings het alles behalwe 'n swak selfbeeld gehad (*Daniël 4 en 5*). Let egter op die persoon in *Jesaja 14* en die strewe wat hy het – 'n strewe wat selfs te egosentries vir die mees verwaande koning van ouds was: “Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!” (*Jes. 14:14, klem verskaf*). Die destydse konings was wel van mening dat hulle 'n sterk band met die gode gehad het. Tog was hulle onderdanig aan daardie einste gode. Dit is jaarliks op die vyfde dag van die Babiloniese Nuwejaarsfeesvieringe op 'n dramatiese wyse uitgebeeld, 'n dag waarop die heerser sy koninklike insignia moes afhaal voordat hy 'n afgodsbeeld van Marduk kon nader, sodat sy koningskap deur daardie afgod herbevestig kon word. Om selfs net een van die kleiner gode ter syde te stel, sou in daardie tyd as suiwer waansin beskou word of selfs dat iemand 'n doodbegeerte gekoester het. Net soos dit die geval in *Jesaja 14* is, word Godslasterlike arrogansie ook in *Esegiël 28* in verband met die heerser van 'n stadstaat genoem. In laasgenoemde is daar ook 'n beskrywing van koninklike hoogmoed wat die aardse sfeer duidelik oorskry. Hier bespeur 'n mens 'n klinkklare oorvleueling van 'n aardse en 'n hemelse heerser in God se beskrywing. Dit sinspeel ook op daardie trotse vors wat in die tuin van Eden was; 'n gesalfde, 'n skut- (oftewel beskermengel) op God se heilige berg, 'n volmaakte skepsel totdat sonde op 'n dag in hom gevind word; waarna die Here hom uitwerp, 'n wese wat eendag met vuur vernietig sal word (*Eseg. 28:12-18*). God se woordkeuse is hier so geweldig figuurlik dat alle pogings om dit op 'n mens toe te pas betekenisloos sou wees. Openbaring 12:7 tot 9 praat wel van 'n magtige wese wat saam met sy engele uit die hemel gewerp is – te wete “Satan, wat die hele wêreld verlei” (*Op. 12:9, OAB*), die een wat ook vir Eva in Eden om die bos gelei het (*Genesis 3*).

Satan het 'n geweldige grootheidswaan: “Jy het gesê: Ek is 'n god, ek bewoon 'n godewoning in die hart van die seë — terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie” (*Eseg. 28:2b, OAB; werkwoord geskuif*). Tog sal sy dood eendag bewys dat hy glad nie 'n god is nie. In teenstelling met Christus, sal Satan eendag in die poel van vuur en swawel omkom en disintreer (*Op 20:10*), die heelal vir ewig uit sy wurggryp bevry.

Die hemelse poort (*Jes. 13, 14*)

In Jesaja 14 word die spot met Satan gedryf: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester [oftewel “Lucifer” in die Engelse King James-vertaling], seun van die dageraad!” (*Jes. 14:12, OAB*). Dit gaan egter direk oor in ’n bespotting van die koning van Babilon. Hoekom dié oorgang? Vergelyk dit met Openbaring 12:1-9, waarin ’n draak, wat as Satan geïdentifiseer word (*vers 9*), ’n kind wat besig is om gebore te word, probeer verslind. Openbaring 12:5 toon duidelik aan dat die kind Christus is. Tog was dit koning Herodes wat die Christuskind probeer vermoor het (*Matteus 2*). Die draak is beide Satan, en die Roomse mag wat Herodes verteenwoordig het, aangesien Satan sy bose planne deur mensehande verrig. Insgelyks het Satan en sy bose magte ongesiens deur die koning van Babilon en die prins van Tirus gewerk.

Waarom dui die woord “Babilon” later op Rome (*in 1 Pet. 5:13*) en op ’n bose mag in die boek Openbaring (hfst. 14:8, 16:19 en 17:5, asook 18:2, 10 en 21)?

Net soos die letterlike Babilon, is dié van Rome en van Openbaring hooghartige en roekelose entiteite wat God se volk onderdruk. Let veral op Openbaring 17:6, waar daardie Babilonenteiteit “dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus” is (*OAB*). Hierdie entiteite rebelleer teen God, ’n eienskap wat inderdaad sinoniem met die begrip “Babilon” is. Die oorspronklike Babilonies vir hierdie eienaam is Babilim, wat “Hek-Van-Die-Gode” beteken. Laasgenoemde dui daarop dat Babilon ’n toegangspunt vir kontak met die gode was. Vergelyk dit met Genesis 11, waar die mense die toring van Babel (oftewel Babilon) probeer bou het – sodat hulle op eie stoom goddelikheid kon bereik, ’n vlak waarop verantwoordbaarheid voor ’n opperwese kwansuis nie meer sou bestaan nie. Toe Jakob wakker skrik na hy gedroom het van ’n leer wat hemel en aarde met mekaar verbind het, roep hy oorstelp uit: “‘Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel’” (*Gen. 28:17, NAB*). Let op die feit dat “die huis van God” “die poort van die hemel” is – d.w.s. die toegangspunt na die Goddelike dimensie is. Jakob noem toe die plek *Bet-El* wat “Huis-Van-God” beteken. *Bet-El* as “poort van die hemel” en Babilon as “Hek-Van-Die-Gode” dui op twee teenpole van daardie hek/poort na ’n bomenslike dimensie. Jakob se leer het die hemel as oorsprong, en is deur die God van die hemel aan Jakob getoon. Daarenteen is Babilon met sy torings en ziggoerat-tempels, gebou deur mense – vanaf grondvlak hemelwaarts. Hierdie teenoorgestelde benaderings versinnebeeld kontrasterende verlossingsweë: redding as ’n genadegawe van Bo, teenoor redding deur die werke van die mens. Alle ware godsdiens is geskoei op die beskeie *Bet-El* model: “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof” (*Ef. 2:8 en 9, NAB*). Alle valse “godsdiens,” insluitende wettiesheid en “sekulêre” humanisme, is geskoei op die hoogmoedige Babilon-model. Lees Jesus se gelykenis oor die Fariseër en die tollenaar (*Luk. 18:9-14*) waarin die kontras tussen dié twee benaderings duidelik na vore tree.

Sion se uiteindelijke oorwinning (Jes. 24 tot 27)

Na al die doempromes aan die onderskeie nasies in hoofstukke 13 tot 23, beskryf Jesaja die kritieke oorwinning wat God oor sy teëstanders behaal asook die bevryding van sy volk – beide op wêreldvlak – in hoofstukke 24 tot 27.

Waarom klink Jesaja se beskrywing van die verwoesting van die aarde (in hfst. 24) soos Johannes se beskrywing van die aarde se voorkoms gedurende die duisendjaar-tydperk wat direk op Christus se wederkoms volg (Openbaring 20)?

Net soos in Jesaja 13 en 14 is bepaalde aspekte van letterlike Babilon hier van toepassing op daaropvolgende maghebbende entiteite, met hoofstuk 14 se “koning van Babel” (OAB) as ’n versinnebeelding van menslike regeerders wat onder aanvoer van ’n baasbrein besluite neem. Laasgenoemde is natuurlik Satan self. ’n Mens kan dus sê dat die tyding oor letterlike Babel se komende val (Jes. 21:9), later weer met simboliese Babilon sal gebeur (Op. 14:8 en hfst. 18:2), en dat die uiteindelijke vernietiging van Satan na die wederkoms van Christus sal gebeur (Op. 20:10). Hoewel die vernietiging van letterlike Babel as God se oordeel oor daardie stad – oftewel as “die dag van die Here” – beskryf word (Jes. 13:6 en 9), is ’n groter oordeelsdag op pad: “die vreeslike dag van die Here” (Joël 2:31, Mal. 4:5, vgl. Sef. 1:7). Insgelyks het ons in Jesaja 24 ’n profetiese beskrywing van daardie oordeelsdag wat met die verwysingsraamwerk van Jesaja en sy tydgenote ooreenstem, ’n dag waarop “die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die Here van die leërskaal sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem” (hfst. 24:23a, OAB). Vir Jesaja het hierdie visioen ongetwyfeld oor die Jerusalem van sy tyd gegaan. Tog verduidelik Openbaring dat hierdie profesie eers in die komende Nuwe Jerusalem vervul sal word (hfst. 21:2). “En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp” (vers 23, NAB).

Gaan God werklik die bose vernietig?

“Vreemd is sy werk!” (OAB, klem verskaf) sê Jesaja in hoofstuk 28:21 oor God se uitwissingswerk. Dit is vir hom vreemd omdat Hy dit nie eintlik wil doen nie; en tog is dit ’n konkrete daad, ’n handeling. Nietemin is selfvernietiging eie aan sonde. Eersgenoemde is dus ’n uitvloeiing van laasgenoemde (Jak. 1:15). Tog het die Here mag oor lewe en dood; en Hy bepaal dus die tyd, plek en wyse van daardie uiteindelijke vernietiging (Openbaring 20). Derhalwe is dit ’n sinnelose argument dat God die sondevloek op ’n passiewe wyse beëindig, deur bloot toe te laat dat oorsaak en gevolg sy gewone gang gaan.

Vir verdere studie:

“Dit gee aanleiding tot die vraag: hoe word ’n mens dan verlossing deelagtig? Ontvang ’n mens dit voorwaardelik? [Wel, in die eerste plek] kom ’n mens nooit ooit voorwaardelik na Christus nie. Gestel jy het Hom reeds aanvaar. Is daar dan enige voorwaardes? Ja, hier is die voorwaarde: dat ’n mens daadwerklik en opreg moet glo, terwyl jy jou heelhartig en met jou hele wese beroep op die verdienste van die bloed van ons gekruisigde en verrese Verlosser. Wanneer ’n mens dít doen, doen jy die werke van geregtigheid. Wanneer God egter die sondaar roep om sy of haar wêreldse bestaan prys te gee, en daardie uitnodiging aan hom of haar rig, is daar geen voorwaardes nie. Die Here trek ons nader deur die uitnodiging van Christus. Dit is nie ’n geval van, ‘O, jy moet eers dit en dit doen voor jy na My toe kan kom’ nie. Die sondaar kom, en terwyl daardie persoon dit doen en ook die opgehewe Christus aan die kruis van Golgota aanskou – ’n aanskouing wat God by hom of haar inprent – gryp die sondaar ’n liefde aan, ’n liefde wat alle verwagtinge vêr oortref” (Ellen G. White, *Manuscript Releases*, vol. 6, bl. 32).

Vrae vir bespreking:

1. Kyk na die bogenoemde E.G. White-aanhaling. Lees dit nou binne die konteks van Woensdag se les. Wat sê sy hier? Let op die feit dat mev. White in hierdie aanhaling beide elemente van die Christelike wandel dek: eers geloof en dan werke. Hoe tref sy onderskeid tussen die twee?
2. Hoekom is trots en verwaandheid (oftewel arrogansie) sulke gevaarlike sondes? Hoekom is dit so geweldig moeilik om dit af te skud? Dalk omdat dié sondes uiteraard die sondaar verblind, sodat hy of sy nie die nut kan sien om daarvan af te sien nie? As ’n mens, per slot van rekening, trots is, reken jy dat dit goed gaan met jou; en as jy dink dat dit goedgaan met jou, is daar mos nie rede om te verander nie. Hoe kan die bepeinsing van Christus se soendood en alles waarop dit dui – ’n soendood wat elke liewe mens se enigste verlossingsweg is – ’n kragtige kuur vir hoogmoed en arrogansie, ongeag wie of wat jy is, wees?
3. Wat sê Jesaja, is daar hoop vir die mense van ander nasies? Let byvoorbeeld op hfst. 25:3 en 6, en hfst. 26:9 (*vgl. Op. 19:9*).

Opsomming: Jesaja sien vooruit dat Juda ná die Assiriërs deur die Babiloniërs verower sou word. Tog sien hy ook iets anders: ten spyte van die bomenslike en bese magte wat duisternis in die wêreld bring (*Ef. 6:12*), omdat hulle werk deur die mense wat God teestaan en boonop meen dat hulle God se plek kan inneem, sal die Here uiteindelik seëvier en ewige vrede aan ons onstuimige planeet bring.